No. 938 11 Mei 1984

WET OP OORLOGSGRAFTE EN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN VIER EIENDOMME MET HISTORIESE WOONHUISE DAAROP, GELEË IN DIE "OLD WYNBERG VILLAGE", TE WYNBERG, KAAPSTAD.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die vier eiendomme, soos vollediger hieronder beskryf, tesame met die geboue daarop, geleë in die historiese "Old Wynberg Village", te Wynberg, Kaapstad, tot nasionale gedenkwaardighede.

*Beskrywing*

Die vier eiendomme met die geboue daarop, te wete:

(a) *Little Marlow, Wolfestraat, Wynberg:*

Sekere stuk grond, synde Erf 91325, 'n gedeelte van Erf 91324, Kaapstad te Wynberg, geleë in die munisipaliteit Kaapstad, Kaapse Afdeling, en groot vierhonderd-en-elf (411) vierkante meter.

Transportakte 11604/1981, gedateer 13 Maart 1981.

(b) *Eiendom te Durbanweg 65, Wynberg:*

Restant van Erf 90804, Kaapstad te Wynberg, in die munisipaliteit Kaapstad, Kaapse Afdeling, en groot tweeduisend vierhonderd-en-drie (2 403) vierkante meter.

Transportakte 44545/1982, gedateer 25 November 1982.

(c) *Eiendom op die hoek van Wellington- en Coghillweg, Wynberg:*

Die Restant van Erf 91735, Kaapstad te Wynberg, in die munisipaliteit Kaapstad, administratiewe distrik van die Kaap en groot tweehonderd een-en-sestig (261) vierkante meter.

Sertifikaat van Gekonsolideerde Titel 48088/1982, gedateer 20 Desember 1982.

(d) *Parbhoo se Gebou, Wolfestraat, Wynberg:*

(i) Sekere stuk afgeskafte erfpaggrond, synde die resterende gedeelte van Persele 17 en 18 (nou bekend as Erf 66750), geleë te Wynberg, in die stad Kaapstad, Kaapse Afdeling, en groot eenhonderd-en-sestien (116) vierkante meter; en

(ii) sekere stuk afgeskafte erfpaggrond, geleë te Wynberg in die stad Kaapstad, Kaapse Afdeling, synde Perseel 18a (nou bekend as Erf 66751) en groot vierhonderd twee-entagtig (482) vierkante meter.

Transportaktes 1219/1952, gedateer 15 Februarie 1952, en 16235/1956, gedateer 9 November 1956.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie vier eiendomme vorm 'n integrerende deel van die historiese "Old Wynberg Village", wat 'n gebied van aansienlike karakter, asook van historiese, argitektoniese en omgewingsbelang is. Dit is een van die weinige gebiede digby die stad Kaapstad wat sy historiese karakter behou het. 10/2/1087.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 938 11 May 1984

WAR GRAVES AND NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF FOUR PROPERTIES WITH HISTORIC DWELLINGS THEREON, SITUATED IN THE OLD WYNBERG VILLAGE, AT WYNBERG, CAPE TOWN

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the War Graves and National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the four properties, as more fully described below, together with the buildings thereon, situated in the historic Old Wynberg Village, at Wynberg, Cape Town, to be national monuments.

*Description*

The four properties with the buildings thereon, namely:

(a) *Little Marlow, Wolfe Street, Wynberg:*

Certain piece of land, being Erf 91325, Portion of Erf 91324, Cape Town at Wynberg, situate in the Municipality of Cape Town, Cape Division, in extent four hundred and eleven (411) square metres.

Deed of Transfer 11604/1981, dated 13 March 1981.

(b) *Property at 65 Durban Road, Wynberg:*

Remainder Erf 90804, Cape Town at Wynberg, in the Municipality of Cape Town, Cape Division, in extent two thousand four hundred and three (2 403) square metres.

Deed of Transfer 44545/1982, dated 25 November 1982.

(c) *Property at the corner of Wellington and Coghill Roads, Wynberg:*

The Remainder of Erf 91735, Cape Town at Wynberg, in the Municipality of Cape Town, Administrative District of the Cape, in extent two hundred and sixty-one (261) square metres.

Certificate of Consolidated Title 48088/1982, dated 20 December 1982.

(d) *Parbhoo's Building, Wolfe Street, Wynberg:*

(i) Certain piece of redeemed quitrent land, being the remaining extent of Lots 17 and 18 (now known as Erf 66750), situate at Wynberg, in the City of Cape Town, Cape Division, in extent one hundred and sixteen (116) square metres; and

(ii) certain piece of redeemed quitrent land, situate at Wynberg, in the City of Cape Town, Cape Division, being Lot 18a (now known as Erf 66751), in extent four hundred and eighty-two (482) square metres.

Deeds of Transfer 1219/1952, dated 15 February 1952, and 16235/1956, dated 9 November 1956.

*Historical and architectural interest*

These four properties form an integral part of the historic Old Wynberg Village, which is an area of considerable character, as well as being of historical, architectural and environmental importance. It is one of the few areas close to the City of Cape Town that have retained their historical character. 10/2/1087.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.